

**From:** Schalk Van der Merwe

**Sent:** 06 October 2015 08:27 AM

**To:** Corrie Muller ([drcjmuller01@gmail.com](mailto:drcjmuller01@gmail.com))

**Cc:** Portia Bolton; Leon Lourens

**Subject:** Notes: Mountain biking Meeting

Corrie, I trust you are well.

The following points from our meeting (16 September 2015) pertaining to mountain-biking routes:

\* The municipality is not in the position to enter into any form of agreement regarding the use of its land for mountain-biking purposes, therefor;

\* The proposed management plan should not represent an agreement between the proposed developer of mountain bike routes and the municipality, but rather an internal memorandum of the mountain biking fraternity stipulating the ethos and manner in which routes are identified, constructed, utilized and maintained (whether on private or public land).

\* A signed document of the mountain-biking forum must be submitted to the municipality showing participation of the various roleplayers in the MTB fraternity as agreed at the meeting of 11 August 2015.

\* Access and existing routes:

- Mountain bikers and hikers will continue to enjoy access to municipal land for (legal ) recreational purposed as theyâM-^Yve done to date.

- Only existing routes/roads will be used (no new roads will be cleared on municipal land) and where improvements are to be made to a section of track the minimum intervention will be made to make such a portion of track rideable and safe.

- An annual audit report of the condition of these routes must be submitted to the municipality.

\* Signage:

- Corrie Muller to install adequate information boards (explaining the difficulty grading of the various routes) at the various starting points of the mountain biking routes.

- Notice boards should indicate that bikers are using/entering the terrain at own risk and that the Municipality is indemnified from any claims arising from their activities on municipal land.

- Corrie Muller to install internal route markers along the proposed mountain biking routes.

- Information boards should not include any advertising or sponsorâM-^Ys information.

- All the above signage to be installed on municipal property should be presented to the municipality for approval prior to installation.

\* Events:

- The proposed mountain biking event should be applied for via an event application at Stellenbosch Municipality.

\* Masterplan:

- Schalk to provide a map with layers showing PoS, municipal properties and biodiversity hotspots.

- Corrie Muller to submit the kml files of the proposed routes to the

municipality for mapping purposes.

- Any routes other than those represented may be closed and rehabilitated to the municipality âM-^Xs discretion.

- The master plan and intent must be presented to the local ward committees for their inputs.

- The master plan and intent must be presented to existing groups using/ performing functions in the Paradyskloof Plantations, e.g. Friends of Stellenbosch Mountain; Waterworks Dept; the parks dept.

Best regards

Schalk van der Merwe

Environmental Planner: Spatial Planning, Heritage and Environment Directorate Planning and Economic Development

From Portia.Bolton@stellenbosch.gov.za Wed May 25 14:13:05 2016

**Date:** **Wed, 25 May 2016 12:12:15 +0000**

**From:** Portia Bolton <[Portia.Bolton@stellenbosch.gov.za](mailto:Portia.Bolton@stellenbosch.gov.za)>

**To:** Leon Lourens <[Leon.Lourens@stellenbosch.gov.za](mailto:Leon.Lourens@stellenbosch.gov.za)>,

"eggers@physics.sun.ac.za" <[eggers@physics.sun.ac.za](mailto:eggers@physics.sun.ac.za)>

**Subject:** FW: Notes: Mountain biking Meeting

Hi julle,

Aangeheg.

Van gister se vergadering die volgende aksies asb:

1. Gesprek met Stellenbosch Trail Fund- stop alle werk tot consensus bereik is. LL

2. Mapping: botanical/ ecological overlays: LL

3. Mapping: current trails- STB Trail Fund to facilitate: STB TF

4. Mapping: overlay proposed trails onto a map for consideration by all- LL/ Schalk

5. EMP for all mountain biking activities- LL/ Schalk to facilitate. Meurant to supply TBM policy.

6. Obtain an in principle decision frm senior management level regarding setting aside the Paradayskloof area for MTB activities- must consider other users as well. Also get an update wrt the Innovation Areas (Dupree Lombaard). PB

Dankie

Portia

From rmldev@mweb.co.za Wed Jun 29 20:56:33 2016

**Date:** **Wed, 29 Jun 2016 20:56:14 +0200**

**From:** Richard de Villiers <[rmldev@mweb.co.za](mailto:rmldev@mweb.co.za)>

**To:** Munic Portia Bolton <[Portia.Bolton@stellenbosch.gov.za](mailto:Portia.Bolton@stellenbosch.gov.za)>

**Cc:** "Munic MTB eggers@physics.sun.ac.za" <[eggers@physics.sun.ac.za](mailto:eggers@physics.sun.ac.za)>, Theunis Sto fberg <[theunis@f8photos.co.za](mailto:theunis@f8photos.co.za)>, Cycle Holden Marshall <[holden@agmac.co.za](mailto:holden@agmac.co.za)>, Muni c ER Leon Lourens Bosbou <[Leon.Lourens@stellenbosch.gov.za](mailto:Leon.Lourens@stellenbosch.gov.za)>, Bosslapers Munis Sc halk vd Merwe <[Schalk.VanderMerwe@stellenbosch.gov.za](mailto:Schalk.VanderMerwe@stellenbosch.gov.za)>

**Subject:** MTB Meeting Eco Building today

Dear Portia, Hans, Schalk and Leon

Thank you for the meeting today regarding the MTB routes in and around Stellenbosch.

The Stellenbosch Trail Fund is committed to cooperation with the Stellenbosch Municipality and would like to apologise if our signage erected does not meet your satisfaction at present.

I have ccâM-^@M-^Yed Theunis Stofberg and Holden Marshall, who would like to meet you all at Eden to clarify the MTB and other trail routes as soon as possible, as we are keen for the work we have committed to to continue for the better of the broader Stellenbosch community.

We look forward to our next meeting ( ? 13 July) and towards closer cooperation with the Stellenbosch Municipality in future.

Regards  
Richard de Villiers  
Director: Stellenbosch Trail FundFrom eggers@physics.sun.ac.za Tue Jul 5 15:31:28 2016

**Date:** Tue, 5 Jul 2016 15:31:28 +0200 (SAST)  
**From:** Hans Eggers <eggers@physics.sun.ac.za>  
**To:** Richard de Villiers <rmldev@mweb.co.za>  
**Cc:** Leon Lourens <Leon.Lourens@stellenbosch.gov.za>  
**Subject:** Site visit Paradyskloof

Richard,

ek het vanoggend Leon geskakel. Hy vra of ons 'n site visit kan reel vir Dinsdag 12 Julie. Gegee dat ons heelwat roetes het om deur te trap sal dit ten minste 'n uur en waarskynlik langer neem. Leon en/of jy sal moet GPS track hou van wat gedoen word.

Kan jy 'n aanduiding gee van jou tydskede op die 12de? Eksell sou 8h30 verkies of anders iets soos 15h. Maar dit hang ook af van Leon en jou se randvoorwaardes.

Die doel soos ek verstaan is om AL die bestaande fietsroetes (wettig, onwettig, motorpaaie, voetpaaie ens) na moontlikheid te besoek en op te neem. Indien prioriteite gestel moet word, dan moet ons eerste kyk na die roetes met die roetes bokant die voormalige bloekombomboelaan, maar mens kan nie met net gedeeltelike inligting werk nie.

Wanneer word die bord by die ingang verwyder?

Die proses om 'n EMP opgestel te kry gaan nog 'n rukkie vat. Ons weet almal dat dit al lankal moes klaar gewees het, maar dit is nie. Die implikasie is dat alles wat ons nou roetegewys bepaal en besluit net voorlopig kan wees tot tyd en wyl Leon, Schalk ens hulle overlays gedoen het en die ooreenkomslike implikasies vir fietsroetes duidelik is.

My verstandhouding was ook dat die Stellenbosch Trail Fund natuurlik nie namens alle mtb organisasies praat nie. Ook dit impliseer dat resultate voorlopig moet bly tot tyd en wyl die mountain bikers 'n dakverband gevorm het wat 'n funksie van waarneem soos die van die Table Mountain MTB Forum.

Maar kom ons maak 'n begin; laat weet dus van die tye..

Groete

Hans Eggers

From drcjmuller01@gmail.com Thu Jul 14 07:07:39 2016  
**Date:** Thu, 14 Jul 2016 07:07:28 +0200

**From:** Corrie Muller <drcjmuller01@gmail.com>  
**To:** "Hans Eggers (eggers@physics.sun.ac.za)" <eggers@physics.sun.ac.za>  
**Subject:** Re. Paradyskloof besoek

Goeie more Hans  
Dit was regtig vir my 'n baie spesiale geleentheid om gister se samekoms mee te maak. Na gister in die berg, is ek oortuig dat ons mekaar se motiewe onvoorwaardelik kan vertrou.

Ek het met STF in kontak gekom m.b.t die ou pad in die sensitiewe area. Ons het besluit om jou/julle tegelyk te gee en nie meer vir die gebruik van die pad te betoog nie. Dit is meer belangrik om mekaar se gevoelens te respekteer en sodoende eenheid te skep. In effek werk ons hard aan dieselfde ideologie, miskien net deur heel verskillende lense.

Gister se besware van jou kant is bindend. Ek het die STF se blessing hieroor, en alreeds First African Signs goedkeuring tot veranderinge op die bord in kennis gestel. Dit word nou vervaardig en sal binnekort die werk in situ afhandel.

Dit dan daar gelaat, Hans, mag ek net hierdie geskrewe verleng deur kommentaar te lewer op van jou uitsprake gister. Ek wou nie dit voor almal bespreek nie.

1. Jy is goed ingelig laasjaar oor ons voorneme. Een oproep van 30min en twee uitnodigings per email. Op die emails het jy nie eens gereageer nie. Ons het voort gegaan en omgewings konsultante genader. Die 'draft' roetes is aan die munisipaliteit gestuur. Al beswaar van hulle kant was dat daardie pad dalk as 'n historiese baken geregistreer was. Ek het hieroor nagevors en dit nie so gevind nie (vandaar my korrekte weergawe van die pad). Daarna het ons voorgegaan. Jy kan dus ons frustrasie verstaan as ons nou met veranderinge aan die roete moet kom.

2. Die MTB gemeenskap is NIE mense wat die natuur minder waardeer as jy nie. As hulle nie presies soveel spesies soos jy kan identifiseer nie, maak dit hulle nie ondergeskik nie. Dalk kan hulle weer iemand of 'n dier wat op roete beseer is, beter behandel as jouself. Wees verseker dat hulle in die berg is vir dieselfde rede as jy.

3. Paradyskloof munisipale area is gesoneer vir multi gebruik rekreatiewe aktiwiteite. Jy het dus nie roetes gister vir ons afgestaan nie, jy het dus bloot ons gebruik daarvan erken.

4. Die aanbod om die alternatiewe roete word verwelkom maar dit het my laat wonder hoe dit moontlik is dat jy alternatiewe roetes VIR die munisipaliteit kan uitdeel sonder om eers te kyk na hulle kant toe. Was dit 'n vooraf besluit deur beide partye of was dit totaal outokraties van jou kant af?

Ek skryf hierdie brief en hoop nie dat ek nou weer verhoudings vertroebel nie. Ons het mekaar beslis nodig om 'n eenheid op die dorp te vorm. Jy het my herhaaldelik gevra of ek die MTB gemeenskap as 'n eenheid te verteenwoordig en ek werk kliphard daaraan. Ek dink as jy vir meeste gaan vra, sal hulle seker ook my naam gee, of as 'n organisasie, dan die STF. Dis belangrik dat ek en die STF jou kan onderskryf. Ek sal van my kant jou aanbevelings altyd by hulle wil regverdig. Kom ons hou dit voor ee.

Groete  
Corrie Muller

From eggers@physics.sun.ac.za Thu Jul 14 10:59:06 2016  
**Date:** Thu, 14 Jul 2016 10:59:06 +0200 (SAST)  
**From:** Hans Eggers <eggers@physics.sun.ac.za>  
**To:** Corrie Muller <drcjmuller01@gmail.com>  
**Subject:** Re: Re. Paradyskloof besoek

Hallo Corrie,

ek stem saam dat dit hoog tyd was vir die site visit. Dankie dat jy en julle ook met ons wil gesels, al voel dit somtyds moeilik. Laat ek hieronder op die verskillende sake inlyn reageer.

On Thu, 14 Jul 2016, Corrie Muller wrote:

> Goeie more Hans

> Dit was regtig vir my 'n baie spesiale geleentheid om gister se samekoms mee te maak. Na gister in die berg, is ek oortuig dat ons mekaar se motiewe onvoorwaardelik kan vertrou.

Ja, ek het ook 'n goeie gevoel en dink ons kan en moet saamwerk. Ons het nog baie werk wat ons gesamentlik kan aanpak!

> Ek het met STF in kontak gekom m.b.t die ou pad in die sensitiewe area. Ons het besluit om jou/julle tegelyk te gee en nie meer vir die gebruik van die pad te betoog nie. Dit is meer belangrik om mekaar se gevoelens te respekteer en sodoende eenheid te skep. In effek werk ons hard aan dieselfde ideologie, miskien net deur heel verskillende lense.

Eerstens baie dankie dat jy en dat julle bereid is om toegeeflik te wees. Ek waardeer dit! Ek neem aan jy kommunikeer ook tersaaklik met Leon en Schalk.

> Gister se besware van jou kant is bindend. Ek het die STF se blessing hieroor, en alreeds First African Signs goedkeuring tot veranderinge op die bord in kennis gestel. Dit word nou vervaardig en sal binnekort die werk in situ afhandel.

Ek neem aan jy praat hier oor die kennisgewingborde. Kan ek voorstel dat jy weereens eers die roetes opteken vir Leon en Schalk om kommentaar te lewer voordat julle 'n weergawe 2 van die borde opsig andersins kan dit gebeur dat ons later 'n weergawe 3 sal benodig. (Kyk hieronder oor die belangrikheid van vooraf uitklaar - Schalk se epos van 3 Oktober 2015!)

> Dit dan daar gelaat, Hans, mag ek net hierdie geskrewe verleng deur kommentaar te lewer op van jou uitsprake gister. Ek wou nie dit voor almal bespreek nie.

Ja ek verstaan.

> 1. Jy is goed ingelig laasjaar oor ons voorneme. Een oproep van 30min en twee uitnodigings per email.

Ja, dit was in Julie 2015. Ek het vanaf Augustus tot Desember in Duitsland vertoef met 'n sabbatsverlof. Die gesprek en eposse was redelik vroeg in die proses wat toe in my afwesigheid ontvou het soos hieronder in detail uiteengesit.

> Op die emails het jy nie eens gereageer nie.

Ek het wel gereageer op die eposse van Richard de Villiers van 19 en 20 Junie 2015, ook gekommunikeer met Carinus. Ons telefoongesprek het plaasgevind op 30 Junie 2015. Ek het by die gesprek eintlik al die sake uitgewys wat ek nou weer opgehaal het en wat ook in die FSM dokument van 3 Desember 2014 verskyn (die bosfietsberaad).

Die eposse wat jy op 13 en 24 Augustus gestuur het, kon ek eers weke later lees aangesien ek op toer in Duitsland en sonder epostoegang was. Ek het toe op 25 Augustus - met ander woorde NA julle al klaar vergader het - vir Portia en Schalk geskryf en gese wat ek orals net weer se, naamlik dat die opstel van 'n meesterplan (eintlik EMP) dringend is, waar is die gebruikersones ens, wat van mountain bike

governance, en dat ons wel bereid is om saam te werk. Portia het ontvangs erken van my epos en dit aangestuur vir Leon.

> Ons het voort gegaan en omgewings konsultante genader. Die 'draft' roetes is aan die munisipaliteit gestuur.

Ek neem aan jy bedoel "Schalk". Is die roetes gestuur aan Leon en Portia? Eksself het beslis niks meer oor die plan gehoor nie. Niks. Daar was slegs sprake in jou epos van 2 September 2015 van 'n vergadering. Ek was onder die indruk dat Schalk en Portia 'n plan sou opstel en dit sirkuleer. Die plan en die roetes is NIE algemeen gesirkuleer nie, nie in 2015 of 2016 nie.

> Al beswaar van hulle kant was dat daardie pad dalk as 'n historiese baken geregistreer was. Ek het hieroor nagevors en dit nie so gevind nie (vandaar my korrekte weergawe van die pad). Daarna het ons voorgegaan. Jy kan dus ons frustrasie verstaan as ons nou met veranderinge aan die roete moet kom.

Ons kon nie beswaar aangeteken het want ons was nie eers bewus van 'n konkrete roete en plan nie. Van die historiese aspek van die fynbosroete weet ek nie baie en dit is ook nie baie belangrik nie.

Terug na die verloop van sake. Soos ek agterna uitgevind het, het Schalk van der Merwe toe blykbaar met julle vergader. Die gevolg daarvan was 'n epos wat hy gestuur het op 6 Oktober aan jou, Portia en Leon. Ek of FSM was nie ingecopy nie. Ons was soos genoem nie eers bewus dat julle op 16 September besluite geneem het nie.

Hierdie 6 Oktober epos van Schalk maak duidelike voorwaardes. Jy het seker die hele epos erens op rekord.

En van die voorwaardes was "All the above signage to be installed on municipal property should be presented to the municipality for approval prior to installation". Sover ek van Leon en Portia gehoor het, is dit nie gedoen nie. Trouens, Leon en Portia was in April 2016 net so verslaan soos ek toe die tekenpale en die borde begin opgaan. Hulle het klaarblyklik nie die roetes vooraf goedgekeur nie.

(Terloops, ek dink dit is deel van STF se leerproses, naamlik dat die munisipaliteit (a) baie groot is, en dat iets wat met Schalk uitgeklaar is, nog nie beteken dat dit met Portia-hulle uitgeklaar is nie, en (b) dat die amptenare hard werk en goed is, maar dat hulle attention span redelik kort is. Hulle word so hard van so baie kante gedruk dat hulle somtyds goed net vergeet. Mens moet net aanhou en aanhou kommunikeer, sonder aggressie.

Terug na Schalk se epos van 6 Oktober 2015 (wat ek eers in Junie 2016 gesien het). Schalk het gefaal deur te meen 'n epos vervang 'n ordentlike plan. Byvoorbeeld is die stelling "Only existing routes/roads will be used ...." 'n probleem want dit definieer nie eers wat route of road is nie, om nie te praat van die talle aspekte en details waaroer ons Dinsdag gepraat het nie asook die wetenskaplike aspekte.

Nog 'n stelling in Schalk se epos: Hy moet "map met layers verskaf". Het hy dit gedoen? Ek glo nie so nie.

En: "Corrie Muller to submit the kml (sic) files of the proposed routes to the municipality for mapping purposes". Het jy dit gedoen? Het Leon en Portia dit gesien?

En laastens: "The master plan and intent must be presented to existing groups using/performing functions in the Paradyskloof Plantations, e.g. Friends of Stellenbosch Mountain; Waterworks Dept; the parks dept."

Het STF dit gedoen? Ek glo nie so nie.

Opsommend:

1. Ek dink die proses is nie ordentlik gevvolg nie. Eintlik moes daar 'n plan gewees het, nie net 'n vae epos van Schalk nie. Schalk het gefaal en STF het gefaal. Ek moes dalk 6 weke later op jou September 2015 epos direk aan jou gereageer het.

2. Die bepalings van selfs die onvoldoende en vae epos van 3 Oktober 2015 is egter nie deur STF nagekom nie.

3. Leon en Portia en FSM was tussen September 2015 en April 2016 nie eers bewus daarvan dat STF besig is om aan roetes te werk nie.

Ek hoop dit bring nou goed lig in die saak!

> 2. Die MTB gemeenskap is NIE mense wat die natuur minder waardeer as jy nie. As hulle nie presies soveel spesies soos jy kan identifiseer nie, maak dit hulle nie ondergeskik nie. Dalk kan hulle weer iemand of 'n dier wat op roete beseer is, beter behandel as jouself. Wees verseker dat hulle in die berg is vir dieselfde rede as jy.

OK, laat ek meer versigtig wees. Waardering het verskillende aspekte. Die natuur is baie kompleks met baie fasette. Ek is seker dat bikers die skoonheid kan waardeer, missien op 'n growwer skaal as die botaniste. Wat ek egter telkens se is dat ALLE aspekte van natuurbestuur belangrik is en dat die basis van beplanning en bestuur WETENSKAPLIK en volgens WETTIGE PROSEDURE moet geskied, nie emosioneel of volgens persoonlike genot/gerief/voordeel en beslis nie net volgens beskikbaarheid van geld nie.

> 3. Paradyskloof munisipale area is gesoneer vir multi gebruik > rekreatiewe aktiwiteite. Jy het dus nie roetes gister vir ons > afgestaan nie, jy het dus bloot ons gebruik daarvan erken.

Die woord "afstaan" kan natuurlik nie reg wees nie. FSM is nie die grondeienaar nie, so min soos STF, en ons kan nie iets afstaan wat nie aan FSM behoort nie, so min as wat STF nou "besit" van die roete kan neem.

Dit gaan weereens oor die plan. 'n EMP Plan moet volgens verskillende wetgewing asook die wetenskaplike input opgestel word, en dan natuurlik die belangrike rolspelers ken en in ag neem. Een van die aspekte van 'n sodanige plan is die sogenaamde "User Zones" (gaan kyk na die TMNP se Conservation Development Framework asook die ondergeskikte TMNP Mtb EMP). Die roetes moet inpas by die User Zones, en nie omgekeerd nie. "Afstaan" moet dus vervang word met "Stel omvattende User Zones op" waarop almal kan kommentaar lewer en wat alle behoeftes en voorvereistes aan voldoen.

> 4. Die aanbod om die alternatiewe roete word verwelkom maar dit het my laat wonder hoe dit moontlik is dat jy alternatiewe roetes VIR die munisipaliteit kan uitdeel sonder om eers te kyk na hulle kant toe. Was dit 'n vooraf besluit deur beide partye of was dit totaal outokraties van jou kant af?

Nee, daar was geen afspraak nie. Soos genoem is FSM nie by magte om roetes uit te deel. Ons is wel by magte om almal daarop te wys wat die wet se, wat TMNP gedoen het, wat dus sinvol kompromiese kan uitbrei. En wat ons wel kan bied is advies aan die munisipaliteit oog ons noukeurige kennis van die aard van die grond. En die munisipaliteit is wys genoeg om te luister.

> Ek skryf hierdie brief en hoop nie dat ek nou weer verhoudings

> vertroebel nie. Ons het mekaar beslis nodig om 'n eenheid op die dorp te vorm.

Absoluut! Ek is bly ons skryf op hierdie manier vir mekaar. Van bostaande was dalk ook nie vir jou bewus nie, net soos ons nie bewus was van wat tussen STF en die Munisipaliteit tussen September 2015 en April 2016 alles aan die gang was nie.

> *Jy het my herhaaldelik gevra of ek die MTB gemeenskap as 'n eenheid > te vereenwoordig en ek werk kliphard daaroor. Ek dink as jy vir > meeste gaan vra, sal hulle seker ook my naam gee, of as 'n > organisasie, dan die STF. Dis belangrik dat ek en die STF jou kan > onderskryf. Ek sal van my kant jou aanbevelings altyd by hulle wil > regverdig. Kom ons hou dit voor oe.*

Ja, die eenheid is 'n doel wat ek heelhartig en op alle maniere wil ondersteun. Se vir my om op bepaalde tye en plekke te help en ek sal my bes doen. Byvoorbeeld om te help om die bikers die web van wette en regulasies beter te verstaan... Neem net in ag dat die volgende 4 maande baie moeilik vir my sal wees.

Groete!

Hans

From eggers@physics.sun.ac.za Mon Aug 8 17:27:05 2016

Date: Mon, 8 Aug 2016 17:27:05 +0200 (SAST)

From: Hans Eggers <eggers@physics.sun.ac.za>

To: Leon Lourens <Leon.Lourens@stellenbosch.gov.za>, Portia Bolton

<Portia.Bolton@stellenbosch.gov.za>, Schalk van der Merwe

<Schalk.VanderMerwe@stellenbosch.gov.za>, Corrie Muller

<drcjmuller01@gmail.com>, Richard de Villiers <rmldev@mweb.co.za>

Subject: Kennisgewingborde, roetes, bewoording ens

Beste Leon en almal,

ek is baie baie besig met klasgee maar het vandag die kwessies en voorstelle rondom die kennisgewingborde en kaarte by die ingang na Paradyskloof en moontlik ander plekke neergeskryf. Hier aangeheg is 'n Word dokument wat die kwessies saamvat.

Ons terreinbesoek het plaasgevind op 13 Julie. Tydens ons terreinbesoek en kort daarna kon ons net sover kom dat van die roetes in die Schuilplaatsvallei uitgesorteer is, plus ons het die roetes in die bos summier as ok verklaar (maar nou: watter spesifieke, gegee bostaande ouer kaart van STF?). Ons het ook agterna ooreengeskrap om die roetes bokant en suid van die bos nie vir fietse oop te maak nie, asook om 'n roete tussen die suid-oostkant van die bos en die motorbrug onderkant die wetlands oop te maak.

Gegee dat amper 'n maand verstryk het, is dit regtig nodig dat ons nou vordering begin maak met die finalisering van die roetes, want sover ek weet het sedertien nog niks gebeur nie. Is dit moontlik dat ons die roetes kan finaliseer?

Spesifieke moet ons aandag gee aan vier probleme:

1. Die bestaan van 'n ouer en baie gedetailleerde kaart wat op die STF website verskyn en wat grootliks verskil van die huidige kaart. Ek het dit by die aangehegte Word dokument aangeheg. Dit kan nie wees dat twee verskillende kaarte oor dieselfde area openbaar is nie.

2. Ons het nog nie die status van die motorpaaie en jeep tracks uitgesorteer nie. Dit is nodig omdat die ou STF kaart hulle insluit en dit onduidelik is of en watter motorpaaie ingesluit is. In elk geval

die nuwe kaart opgedateer moet word.

Een opsie sou wees om net alle motorpaaie vir fietsry oop te maak. Dan is daar egter die probleem oor definisie wat presies 'n motorpad is en wat nie (sien bv die fynbosroete). Dit is dus beter om eenvoudig motorpaaie by die fietsry-kaart in te sluit en dan die stelling in die EMP en op die "House Rules" op die kennisgewingborde te maak dat slegs die' roetes wat op die kaart voorkom, vir fietsry toegelaat is. Dit maak dinge ondubbelsoekend: die kaart definieer alles.

3. Die bewoording van die "House Rules and Disclaimer" soos wat tans op die kennisgewingborde en kaart verskyn kort 'n hersiening. Sien asseblief die aangehegte dokument.

4. Dit bekommert my dat die huidige kaarte, wat klaarblyklik verouderd is, mense mislei en sodanig die impak asook die regstelling daarvan oor die langtermy bemoeilik. Hoe lank moet die ou borde nog op wees? Ons kan nie bekostig om hierdie saak maande en maande te laat sloer.

Kan ons dus die volgende stappe probeer neem?

My tyd is maar baie beperk maar ek sal op 'n Donderdag- of Vrydagmiddag kon vergader. Ek neem aan julle almal is ook besig. Des te meer rede om nou die gesprek weer op te neem.

Groete

Hans